# U3A STILBAAI

## VOORSITTER SE VERSLAG : 2018 – 2019

### INLEIDING

U3A Stilbaai is in Mei 2015 gestig en speel 'n waardevolle rol in Stilbaai deur interessante praatjies en stimulerende aktiwiteite aan afgetrede of semi-afgetrede inwoners aan te bied.

### LIDMAATSKAP

Die ledetal van U3A Stilbaai het buite verwagtinge toegeneem. Ons het in 2015 begin met net meer as 20, na die stigtingsvergadering in Julie 2016 was die ledetal 122, dit het gegroei tot 338 op 30 Junie 2019. By elke maandelikse vergadering sluit nuwe lede aan, 'n bewys dat U3A Stilbaai 'n waardevolle diens verskaf.

### FINANSIES

Ons finansiële state word apart ter tafel gelê, die stand van ons finansies is gesond en dit is nie nodig dat ons ledegelde verhoog nie.

Totale U3A Stilbaai fondse: Totale bates op 30 Junie was R18 955.54, dit sluit die bedrae van die onderskeie Fondse hieronder gelys in. Die balans vir U3A Stilbaai was R12 023.22.

Jagersbosch Fonds: In vorige jare is aansienlike bedrae uitgegee om toerusting aan te koop en die klank stelsel in Die Waenhuis te installeer, hierdie jaar het ons net betaal vir die verbetering van die ligte; die balans van hierdie fonds is nou R5 922.88. Oor die afgelope drie jaar is R28 423.70 in die fonds gestort; en ons het 'n totale bedrag van R22 500.82 op toerusting en verbeterings in Die Waenhuis uitgegee.

Voëlgroep Fonds: Gelde van die Voëlgroep vergaderings word in hul eie Fonds gestort. Gedurende die jaar het R444.00 ingekom, die balans van die fonds is R555.44.

Fotografie Groep Fonds: Die Fotografie Groep vergaderings se inkomste gaan ook na hul eie fonds, daar was geen uitgawes nie en die fonds staan op R454.00.

### MAANDELIKSE PRAATJIES

Gedurende die jaar was daar 11 maandelikse praatjies, almal was goed bygewoon deur lede en gaste – die bywoningsyfers was tussen 51 en 115. Die totale bywoning oor die jaar was 855. Ons dank aan al die sprekers vir hul moeite en toewyding.

Die maandelikse praatjies is hieronder gelys, informasie oor die inhoud is beskikbaar op ons webtuiste.

| | | |
|---|---|---|
| Julie 2018 | Prof Deborah James | 'n Antropologiese perspektief op skuld en aspirasies in Suid-Afrika. |
| Aug 2018 | Dr Marié Heese | Oorlogskuns as tema in die beeldende kunste. |
| Sept 2018 | Tobie Marnewick | Waterbesparing: Van regeringsgeboue tot jou woning. |
| Okt 2018 | Dr Susan Fourie | Waardigheid in die dood. |
| Nov 2018 | Dr Daan Toerien | Flâneurskap: Stokperdjie vir 'n Afgetredene. |
| Jan 2019 | Dr Deon Begemann | 'n Inleiding tot amateur sterrekunde. |
| Feb 2019 | Mike Steytler | Malaria en Muskiete. |
| Mar 2019 | Prof Fanie Olivier | Poolshoogtes - 'n oorsig van Pole en sy mense. |
| Apr 2019 | Gert Claassen | Verlore Stad in die Woude van Brasilië. |
| Mei 2019 | Belinda Gordon | 'n Blik op die lewens van vrouens in die Boere-oorlog. |
| Junie 2019 | Karel Nel | Die Gouriqua Reaktor wat nooit gebou is nie. |

### KURSUSSE

Voël identifikasie vir beginners: Die kursus wat 3 maal 'n jaar deur Johan van Rooyen aan groepe van 4-5 aangebied word is baie populêr en is vol bespreek vir 2019; die eerste twee kursusse in 2020 is ook reeds vol.

**GROEPE**

Stapgroep: Die groep stap op Vrydae oggende in en naby Stilbaai. Die verkose roetes wissel tussen 6 en 12 km (soms langer), met ‘n gemiddeld van ongeveer 8 km. Daar is meer as 80 lede in die groep, tussen 20 en 30 neem deel aan elke stap. Dit is ‘n genotvolle wyse om fiks te bly, nuwe vriende te maak en om Stilbaai en omgewing te ontdek en waardeer. André & Hanlie Bezuidenhout was die sameroepers van die groep, maar hulle het onlangs aan Dalene Oosthuyzen oorhandig.

Wandelgroep: Ongelukkig het getalle in die Wandelgroep afgeneem en die groep het na die Desember pouse nie weer gestap nie en die groep is ontbind. Ons dank aan Debbi Barltrop wat so hard probeer het om die groep aan die gang te hou.

Voëlgroep: Die Voëlgroep het nou hul eie seksie op die U3A Stilbaai webtuiste waar meer inligting oor die groep se aktiwiteite beskikbaar is. Hulle vergader elke drie maande in Die Waenhuis waar tussen 20 en 40 persone bywoon – hul vertoon foto’s en die voël atlas projek word bespreek, daar is ook ander interessante voorleggings oor voëls.

Die groep het maandelikse voëlkyk uitstappies op ‘n Saterdag oggend waaaran 4-6 lede deelneem. Die hoof aktiwiteit van die Voëlgroep bly die opnames vir die SA Voëlatlasprojek in die 75 pentades in die Hessequa Munisipale gebied – die opnames is nou in ‘n gevorderde stadium met ‘n minimum van 2 opnames per pentade versprei oor die vier seisoene. Die eerste jaar van hierdie detail monitering is in November 2018 voltooi en die groep is nou besig met die tweede jaar van opnames.

Sedert die begin van die Voëlatlasprojek het die Groep baie goeie samewerking van boere en grondeienaars ontvang vir toestemming om op hul eiendomme opnames te maak. Om erkenning te verleen aan hierdie samewerking het die groep ‘n “Vriende van die U3A Stilbaai Voëlgroep” geskep met ‘n lys van mense wat elkeen die nuusbrief twee keer ‘n jaar ontvang en ook ‘n voëllys vir hul gebied – daar is tans 68 persone op hierdie lys.

Sedert Februarie het die groep ook uilbolle op versoek van die Hessequa Argeologiese Vereniging versamel; die argeoloë wat die uitgrawings by Blombosgrot doen gebruik hierdie inligting om knaagdiere oorskotte wat in die grot gevind is te identifiseer. Uilbolle van Nonnetjie-uile is by 7 terreine in Hessequa versamel, dit is saam met grond- en watermonsters na die Universiteit van Bergen in Noorweë gestuur vir ontleding.

Terry Terblanche is die sameroeper van die groep, met Johan van Rooyen verantwoordelik vir die Atlasprojek, en Pieter du Toit wat die maandlikse voëlkyk uitstappies reël.

Fotografie groep: Die groep het 30 lede en ontmoet elke tweede Maandag van die maand in Die Waenhuis, ongeveer 7 woon die vergaderings by. Elke maand word ‘n foto projek gekies en die foto’s word gewys by die vergaderings – die meriete van elke foto word bespreek en aanbevelings oor verbetering word voorsien. Die standaard van die foto’s het geweldig toegeneem oor die afgelope jaar. Die toerusting van lede wissel van SLR kameras tot selfone. Die groep geniet hulself terwyl hulle streef om beter foto’s te neem. Lawrence Barltrop en Richard Webb is in beheer van hierdie groep.

Aandele groep: Die groep het 17 lede met Christo Prins as sameroeper en vergader elke drie maande, maar hulle is in konstante kontak om inligting uit te ruil. Hul besprekings dek tendense en verwagtinge van die Johannesburg Effektebeurs, ekonomiese faktore wat ‘n invloed op die beurs het, grafieke van verskillende indekse en aandele, en beleggings moontlikhede.

Neuro-wetenskap groep: Tussen 10 en 30 persone vergader die derde Woensdag van die maand in Die Waenhuis waar 3 of 4 videos (gewoonlik TED praatjies) vertoon word. Onderwerpe vertoon en bespreek gedurende die jaar sluit in hoe die brein en sy konneksies geestelike gesondheid en geluk affekteer, hoe ons beheer kan neem oor ons gedagtes, en selfs verstandelike prosesse kan verander deur nuwe kennis. Jenni Sharkey is die sameroeper en verseker dat ‘n interessante program aangebied word.

Astronomie groep: Die groep is in Januarie deur Deon & Ronelle Begemann gevorm en het reeds 39 lede. Hulle het al 3 sterrekyk uitstappies onderneem, die eerste is deur 27 mense bygewoon, bywoning by die ander twee was laer. Die Walvisuitkykpunt bokant die hawe is as ‘n belowende samekomspunt identifiseer. Die groep beplan om ses maal per jaar na die sterre te kyk; ad-hoc stereekundige gebeurtenisse sal ondersoek word met die hulp van die Astronomiese Vereniging van Suid-Afrika se jaarboek.

Afsluiting: Dankie aan al die groepleiers vir die moeite en tyd wat julle insit om te verseker dat jul groep se aktiwiteite suksesvol is.

**UITSTAPPIES**

Leer Stilbaai Ken: Die Leer Stilbaai Ken uitstappies is in Oktober en November hervat; die uitstappies sluit in ‘n besoek aan Pauline Bohnen Natuurreservaat waar Naomi van Schalkwyk ons vertel het van die veldblomme; Naomi bespreek die bome van Stilbaai met die verskeidenheid bome by Palinggat as ‘n buitelug laboratorium; ‘n besoek aan Jongensfontein waar Naas Palmer ons van die geskiedenis van die dorpie vertel het; en ‘n besoek aan Riethuiskraal en Melkhoutfontein met pratjies oor hul geskiedenis. Hella Döckel is die persoon agter hierdie boeiende uitstappies.

Zandvliet Uitstappie: In Augustus het twee groepe Zandvliet Wynlandgoed buite Ashton besoek waar hulle onthaal is met ‘n wynproewery, en het ook ‘n middagete van lekker warm sop en brood geniet. Die groepe het ook ‘n vrugte-pakhuis besoek waar hul bevoorreg was om vrugte pakkery van naby te besigtig. Dankie aan Johan van Rooyen vir sy organisering van hierdie interessante uitstappie.

**DANKBETUIGINGS**

Ons dank aan Jagersbosch vir die gebruik van Die Waenhuis vir ons vergaderings. Dit is ook bemoedigend om te sien dat ‘n toenemende getal van ons lede Jagersbosch ondersteun deur lede te word.

Dankie ook aan die Komitee vir hul ondersteuning en harde werk om die sukses van U3A Stilbaai te verseker.

Ter afsluiting wil ek julle, ons lojale lede, bedank vir jul ondersteuning en entoesiasme. U3A Stilbaai behoort aan julle, sonder julle sou ons nie hier wees nie. Dankie almal.

**Niel van Wyk**
**Voorsitter: U3A Stilbaai**
30 Junie 2019